# UITVOERENDE BESTUUR-struktuur


## Hoe Remgro bestuur word

Remgro Beperk se direksie lei en beheer die groep in alle sake van wesentlike of strategiese aard wat 'n uitwerking op die reputasie en prestasie van die groep kan hê. Die bestuursraad is 'n subkomitee van die direksie wat hoofsaaklik verantwoordelik is vir die vasstelling van beleid, die monitering en bestuur van bestaande beleggings, die identifisering en aanbeveling van nuwe beleggingsgeleenthede en die uitvoering van die direksie se besluite en strategie. Ander sake, soos opgedra deur die direksie, word op senior bestuursvlak hanteer, soos toegelaat ingevolge 'n formele delegering van gesag wat die perke bepaal van delegerings- en goedkeuringsmandate.


Die bestuursraad, saam met senior bestuur, streef daarna om 'n kultuur van etiese gedrag en goeie bestuur regdeur die Remgro groep te vestig. Op 30 Junie 2023 het die bestuursraad uit vyf lede bestaan, synde al drie uitvoerende direkteure, asook mnre Pieter Louw en Pieter Uys.

Die skematiese voorstelling in Figuur 1 verskaf meer besonderhede oor die dag-tot-dag-verantwoordelikhede en die gedelegeerde magte van die individuele lede van die bestuursraad.

## Komiteestruktuur



Figuur 1


Direksie
Hoofuitvoerende beampte
J J Durand
Bestuursraad
Sekretarieel
D I Dreyer
Nasionale Diploma: Regsekretaresse
Diensjare by die groep: 14
Hoof finansiële beampte
N J Williams
Nakoming en korporatiewe maatskaplike beleggings
M Lubbe
Beleggings
Finansies
Interne regsadviseur
Tegnologie en inligting
Tesourie
Maatskappy sekretarieel
KMB
ESG
Menslike hulpbronne
Strategiese beleggings
P J Uys
MIng (Elektries), MBA
Diensjare by die groep: 10
Korporatiewe finansies
P R Louw
GR(SA)
Diensjare by die groep: 22
Nuwe beleggings en waagkapitaal
J J du Toit
GR(SA), Nagraadse Dip in Gevorderde Belasting
Diensjare by die groep: 21